BLOEMFONTEIN BAPTISTE

**Datum:** ___________________

# 'n Reis vir Volgelinge – Dien mense met Jesus

**Jakobus 2:18**

18Maar iemand kan miskien sê: "Die een het die geloof en die ander het die dade." Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade.

## 1. Dien mense <u>met die Liefde van Jesus</u>

**1 Johannes 4:7**

Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God.

Skrif gedeeltes:

- **Johannes 15:9-13 ; Johannes 13:34-35 ; Miga 6:8**

**Matteus 9:9-13**

9Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man met die naam Matteus by
die tolhuis sien sit en vir hom gesê: "Volg My!" Hy het toe opgestaan en Hom
gevolg. 10Jesus het by hom in sy huis gaan eet, en baie tollenaars en sondaars het
saam met Jesus en sy dissipels kom eet. 11Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir
sy dissipels: "Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?"
12Maar Jesus het dit gehoor en gesê: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig
nie, maar dié wat siek is. 13Gaan leer wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid
en nie offers nie.' Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie,
maar sondaars."

**<u>Vir wie moet jy dit die week begin doen?</u>**

## 2. Dien mense <u>met die Waarheid van Jesus</u>

**Matteus 28:18-20**

Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op
die aarde. 19**<u>Gaan</u>** dan na al die **<u>nasies toe</u>** en **<u>maak</u>** *die mense* my **<u>dissipels</u>**: <u>doop
hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees</u>, en ***<u>20leer hulle</u>***
om alles te onderhou ***<u>wat Ek julle beveel het</u>***. En onthou: Ek is by julle al die dae
tot die voleinding van die wêreld."

Skrif gedeeltes:

- **Efesiërs 4:15 ; 1 Korintiërs 13:2-6 (Liefde en Waarheid)**

**Galasiërs 6:1-10**

***<u>1Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die
Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp</u>***. En pas op: jy kan
self ook in versoeking kom. 2Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering
aan die wet van Christus. 3As iemand hom verbeel hy is iets en hy is niks, bedrieg hy
homself. 4Laat elkeen sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is, kan hy daarop
trots wees sonder om dit met dié van 'n ander te vergelyk. 5Elkeen sal rekenskap
moet gee oor wat hy gedoen het.
*<u>7Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal
hy ook oes. 8Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur
dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die
ewige lewe oes.</u>* **9Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons
nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.** 10Solank ons die
geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.

***<u>Waar begin ons om waarheid te deel?</u>***

- Gebed vir daai persoon asook vir jouself
- Gebed vir geleentheid
- Bestudeer die Bybel vir waarheid, wysheid en insig,
- Bou verhouding sodat daai persoon die waarheid sal hoor (2 Kor 4:4)
- Wanneer die geleentheid kom, in liefde, deel die waarheid met die hoop en hart om daai persoon te bedien met die Here Jesus
- Stap 'n pad saam met daai persoon.
- Nooi hom/haar kerk/ kleingroep toe

**<u>Vir wie moet jy dit die week begin doen?</u>**

## 3. Dien mense <u>met die Gawes van die Gees</u>

Skrif gedeeltes

- **Efesiërs 4:11-12 ; 1 Korintiërs 12-14 ; Romeine 12:1-8 ; 1 Petrus 4:10-11**

**Efesiërs 4:1-3**

1Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat
julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God
ontvang het. 2Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in
liefde. 3Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het,
te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.

## Wat is jou behoefte vandag?
## Wie kan jy gaan bedien die week?

______________________________________________________

______________________________________________________

*Alle verse uit AFR83 behalwe as anders verwys*